**Sondag 29 Mei**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:1-22**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:12**

## Christus, die Seun van God, is ons Verlosser

So baie gelowe – so baie godsdienste. Is God soos die bopunt van ’n berg en al die godsdienste elk maar net ’n ander pad na Hom toe? Of is daar ook ander gode en maniere om verlos te word?

Die wêreld waarin die Nuwe Testament ontstaan het, het baie gode en godsdienste geken. Mense het vir hulleself en vir hulle volke ook gode toegeëien. So was daar Griekse gode en Romeinse gode.

Daar is egter net één enige God, en dit is die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees. Alle ander gode is skeppings van die menslike hart. Calvyn het gesê dat die hart van die mens die fabriek van afgode is. So maklik skep ons ’n afgod wat in die middel van ons lewe kom staan en ons lewe beheers. Dit kan geld, status, roem, plesier, jou eie volk, ras of denkrigting wees.

Uiteindelik is daar net een Naam waardeur ons verlos kan word. Dit is Jesus Christus, die Seun van God. So leer Petrus in sy preek voor die Joodse Raad. Christus alleen bring verlossing uit die knelgreep van sonde en niemand of niks anders nie. Hy roep ons ook op tot gehoorsaamheid aan die Drie-enige God. Op daardie weg word mense deur die Heilige Gees gelei.

Die weg na God is nie ’n onbekende weg nie. Hy maak dit aan ons in die Skrif bekend. Mense kan leer hoe om langs die regte weg by God uit te kom. In die wêreld met so baie idees en gelowe moet ons wys op die enigste weg soos die Skrif dit beskryf.

Die apostels het aan die Joodse Raad gesê dat hulle nie anders kan nie as om te praat oor die dinge wat hulle gehoor en gesien het. Ons kan ook nie anders nie.

*Sing: Skrifberyming 3-3:2*

*Prof. JM (Koos) Vorster (Emeritus)*